



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**BELEID OOR DIE AANVAARDING VAN GESKENKE DEUR KANTOORGEBASEERDE  
AMPTENARE EN KANTOORGEBASEERDE OPVOEDERS VAN DIE WES-KAAP  
ONDERWYSDEPARTEMENT,  
2020**

## Inhoud

1.	Omskrywings.....	2
2.	Wetgewende raamwerk .....	2
3.	Doel.....	3
4.	Omvang.....	3
5.	Verklaring van beginsels.....	3
6.	Aanvaarding van geskenke .....	4
7.	Aantekening van geskenke in die register .....	6
8.	Prosedure vir die invul van geskenkverklaringsvorms.....	7
9.	Beskikkingsproses van goedere wat ontvang is .....	8
10.	Tweejaarlikse voorleggings .....	9
11.	Bekendmaking van finansiële belange deur aangewese amptenare .....	9
12.	Afgevaardigde gesag.....	9
13.	Versuim om gehoor te gee .....	10
14.	Inwerkingstellingsdatum .....	10
15.	Oorsig.....	10

## Bylaes

Bylae A:	Vrae wat gereeld gevra word
Bylae B:	Geskenkregister
Bylae C1:	Verklaring van geskenke waarvan die waarde nie meer as R350,00 is nie
Bylae C2:	Verklaring van geskenke waarvan die waarde meer as R350,00 is
Bylae D:	Rekord van geskenkverklaringsvorms uitgereik

## 1. Omskrywings

In hierdie beleid, het enige woord of uitdrukking waaraan daar 'n betekenis geheg is, die betekenis wat daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:

“**bederfbaar**” 'n item waarvan die rakleef tyd beperk is of tot 'n einde kom. Sodanige items sluit vleis, groente, suiwelprodukte en selfs voorskryfmedisyne in;

“**beloning**” 'n vergoeding of bron van bevrediging of genot. Vergoeding kan beloning wees vir werk wat goed gedoen is en kan die volgende insluit: geskenk, geld, donasie, lening, 'n fooi, verliesvermyding, status, werk, betaling van 'n lening, vergoeding of 'n privilegie, waardevolle sekuriteit, eiendom, of enige beskrywing, hetsy roerend of onroerend, of enige ander soortgelyke voordeel. Alles wat in die voorgenoemde lys verskyn, word as korrupsie, ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004) beskou, wanneer dit gebruik of gegee of aangebied word deur 'n persoon om 'n werknemer in die staatsdiens te beloon;

“**geskenk**” enigiets van waarde wat aan 'n amptenaar gebied word, dit wil sê, enige item of diens bo en behalwe die amptenaar se salaris en indiensenemingsregte, 'n geskenk kan **tasbaar** of **ontasbaar** wees, asook **bederfbaar** of **niebederfbaar**;

“**niebederfbaar**” items met 'n baie langer rakleef tyd wat nie verkoeling nodig het nie. Sodanige items sluit geblikte, gedroogde en gedehidreerde goedere in;

“**ontasbare geskenk**” iets wat aangebied word wat geen blywende waarde vir rekenkundige doeleindes het nie, soos 'n persoonlike diens, voorkeurbehandeling, voorkeursoegang of die belofte van 'n spesiale guns of voordeel;

“**tasbare geskenk**” stoflike goedere, wat onder meer verbruikersgoedere, vermaak, gasvryheid (uiteet, verblyf, en uitnodigings tot funksies, byeenkomste of ritte), reis, promosiemateriaal (soos 'n gratis dagboek), monsters, geskenkbewyse, persoonlike items, studiebeurse, afslag op goedere of dienste, borgskappe, skenkings en geld insluit.

## 2. Wetgewende raamwerk

Die wetgewende raamwerk vir hierdie beleid is:

- a) Gedragskode vir Staatsdiensamptenare;
- b) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- c) Direktief vir die Aanvaarding en Verklaring van Geskenke in die Wes-Kaap Regering van 26 November 2011;
- d) Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998);

- e) Nasionale Tesourieregulasies vir departemente, handelsentiteite, grondwetlike inrigtings en openbare entiteite, 2005, uitgereik ingevolge die Wysigingswet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 29 van 1999);
- f) Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004);
- g) Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999);
- h) Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994);
- i) *Staatsdiens se Handboek vir Senior Bestuursdiens*, 2003;
- j) Staatsdiensregulasies, 2016, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 40167 van 29 Julie 2016;
- k) Strategiese Mensbestuursminuut 0006/2017 van 09 September 2017.

### **3. Doel**

- 3.1 Die doel van hierdie beleid is om—
- a) duidelike riglyne en prosedures vir die aanvaarding en verklaring van geskenke te bied; en
  - b) die transversal *Direktief oor die Aanvaarding en Verklaring van Geskenke in die Wes-Kaap Regering* van 26 November 2011 uit te brei, deur 'n kontrolemeganisme wat die aanvaarding van geskenke in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) monitor, te verskaf.
- 3.2 Daar moet te alle tye voldoen word aan die *Direktief oor die Aanvaarding en Verklaring van Geskenke in die Wes-Kaap Regering* van 26 November 2011 in sy geheel.

### **4. Omvang**

Hierdie beleid is op alle kantoorgebaseerde amptenare en kantoorgebaseerde opvoeders van die WKOD van toepassing.

### **5. Verklaring van beginsels**

- 5.1 Artikel 195(1)(a–g) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 verklaar:
- (1) *Openbare administrasie word beheers deur die demokratiese waardes en beginsels wat in die Grondwet verskans is, met inbegrip van die volgende beginsels:*
    - (a) *'n Hoë standaard van beroepsetiek moet bevorder en gehandhaaf word.*
    - (b) *Die doelmatige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne moet bevorder word.*
    - (c) *Openbare administrasie moet ontwikkelingsgerig wees.*
    - (d) *Dienste moet onpartydig, regverdig, op billike grondslag en sonder vooroordeel gelewer word.*
    - (e) *Aandag moet aan mense se behoeftes gegee word, en die publiek moet aangemoedig word om aan beleidsvorming deel te neem.*

- (f) *Openbare administrasie moet verantwoordingspligtig wees.*
- (g) *Deursigtigheid moet bevorder word deur die publiek van tydige, toeganklike en korrekte inligting te voorsien.*

- 5.2 Die aanvaarding van 'n geskenk deur staatsamptenare kan 'n negatiewe persepsie van moontlike korrumperte gedrag skep en neig om die publiek se vertroue in die regering te ondermyn. Dit vernietig die aard van integriteit en goeie bestuur binne die staatsdiens.
- 5.3 Die gedrag van staatsamptenare moet altyd ooreenstem met die *Gedragkode vir Staatsdiensamptenare* en in die beste belange van die staatsdiens en die publiek wees.
- 5.4 Die algemene beginsel is dat 'n amptenaar nie 'n geskenk moet aanvaar nie (ongegag die aard of waarde) as dit deur ander beskou kan word as óf 'n lokmiddel óf 'n beloning wat die amptenaar onder verpligting van 'n derde party kan plaas.

## **6. Aanvaarding van geskenke**

- 6.1 Amptenare moet altyd oorweeg watter indruk die aanvaarding van 'n geskenk kan maak, asook hoe dit geïnterpreteer kan word indien dit aan 'n openbare ondersoek blootgestel word. 'n Amptenaar moet dus waak teen botsende belange en seker maak dat geskenke nie aangebied word om onbehoorlike invloed uit te oefen nie.
- 6.2 Wanneer daar oorweeg word of 'n geskenk aanvaar moet word, moet die volgende in gedagte gehou word:
  - a) Die gesindheid waarmee 'n geskenk aangebied word (party geskenke is bloot welwillendheidsgebare).
  - b) Die aard en waarde van 'n geskenk (is dit moreel aanvaarbaar om die geskenk te aanvaar?).
  - c) Of die aanvaarding van die geskenk aanleiding kan gee tot 'n tendens (indien dit die geval is, moet daar kennis geneem word van hoe gereeld sodanige aanbiedinge later gemaak word).
- 6.3 Toekennings of pryse, in kontant of gelyke munt wat aan amptenare geskenk word weens werk op hulle vakterrein, moet deur die amptenaar aangemeld word by sy/haar toesighouer, wat die gepaste reaksie daarop sal bepaal.
- 6.4 Dit is ongewens dat familie of lede van die huishouding of vriende van 'n amptenaar enige geskenk namens 'n amptenaar aanvaar.
- 6.5 Amptenare moet deeglik kennis neem van die volgende met betrekking tot die ontvangs van geskenke:
  - 6.5.1 'n Amptenaar moet onder geen omstandighede 'n geskenk aanvaar waar sy/haar

integriteit of die integriteit van die WKOD gekompromitteer kan word of lyk asof dit gekompromitteer kan word nie, of waar grense in sy/haar werk gestel word nie, of waarby sy/haar oordeel beïnvloed kan word nie, soos in werwings- en keuringsprosesse.

- 6.5.2 Amptenare mag geskenke van nie meer as 'n opgeloopte bedrag van R350,00 per jaar ontvang<sup>1</sup> nie, maar moet seker maak dat sodanige geskenke in die geskenkregister aangeteken word.
- 6.5.3 Indien 'n amptenaar 'n geskenk wat 'n waarde van R350,00 oorskry, ontvang, moet die geskenk in die geskenkregister aangeteken word, ongeag of die geskenk aanvaar word al dan nie. Die Hoof van die Departement of afgevaardigde owerheid moet binne 14 werksdae versoek word om die ontvangs van daardie geskenk goed te keur. Sodanige goedkeuring moet uitgevoer word met in agneming van die kriteria wat in paragraaf 6.2 gelys is. Indien die aanvaarding van die geskenk nie goedgekeur word nie, moet die Hoof van die Departement besluit of die geskenk deur die WKOD gehou mag word.
- 6.5.4 Amptenare mag geskenke in die vorm van bemerkings- of promosiemateriaal aanvaar, soos dagboeke, skryfbehoeftes of T-hemde, indien sodanige items aan alle werknemers of groepe werknemers of lede van die publiek beskikbaar gestel is. Indien sodanige bemerkings- of promosie-items in die algemeen aan alle werknemers of groepe van werknemers of lede van die publiek beskikbaar gestel word, **hoef** sodanige geskenke **nie** in die geskenkregister aangeteken te word nie.
- 6.5.5 'n Amptenaar mag nie geskenke van enige party wat by tenderprosesse betrokke is, aanvaar nie. Hierdie verbod is van toepassing op die tydperk voor die kontrak, die tydperk gedurende die kontrak en die tydperk na die kontrak. Die tydperk wanneer 'n kontrak oorweeg word, onderhandel word of inwerking is, word beskou as 'n besondere hoërisikotydperk, aangesien dit gewoonlik gedurende sodanige tydperk is dat amptenare gevoelig mag wees vir korrupte voorstelle en praktyke.
- 6.5.6 'n Amptenaar moet onder geen omstandighede probeer om 'n geskenk van 'n kontrakteur, verskaffer, konsultant of 'n persoon aan wie dienste deur die WKOD gelewer word, te versoek nie.
- 6.6 Waar weiering van 'n geskenk aanstoot mag gee of die belange van die WKOD mag benadeel, bv. 'n geskenk van 'n buitelandse regering of 'n blyk van waardering vir 'n openbare optrede, moet die Hoof van die Departement of provinsiale minister van onderwys of afgevaardigde owerheid (afhangende van die rang van die persoon aan wie die geskenk gebied is) besluit of sodanige geskenk deur die amptenaar of deur die WKOD gehou mag word.

---

<sup>1</sup> Geskenke mag ontvang word, maar slegs aanvaar word as dit goedgekeur is.

- 6.7 Die ontvangs van geskenke wat op kulturele tradisie gegrond is, moet op 'n kultuursensitiewe wyse behandel word, sonder om aanspreeklikheid- en deursigtigheidstandaarde te kompromitteer. Al sodanige geskenke moet aan die WKOD oorhandig word. Indien die amptenaar besluit om nie die geskenk te aanvaar nie, kan hy/sy die persoon of gemeenskap wat die geskenk aangebied het, versoek om waardering te toon deur 'n aanbevelingsbrief by die Hoof van die Departement in te dien. Die Hoof van die Departement of provinsiale minister van onderwys (afhangende van die vlak van die amptenaar aan wie die geskenk gebied is) moet dan besluit of die geskenk deur die amptenaar of die WKOD gehou mag word.
- 6.8 Herhaalde uitnodigings deur een bron moet as onvanpas beskou word en beleefd van die hand gewys word.
- 6.9 Enige aanbod van persoonlike spesiale afslag of verminderde koste vir goedere of dienste deur 'n kontrakteur, verskaffer of konsultant moet van die hand gewys word. Soortgelyke aanbiedings vir toegang tot afsetplekke wat nie vir die algemene publiek toeganklik is nie, moet van die hand gewys word.
- 6.10 Weens die aard van die kliëntesteunpunt van die WKOD mag amptenare wat 'n diens aan kliënte lewer soms 'n geskenk as 'n blyke van waardering aangebied word vir hulp wat hulle ontvang het. Amptenare moet dus baie versigtig wees dat hulle nie in 'n situasie geplaas word waar hulle optrede as onbehoorlik beskou kan word nie, of 'n aanduiding kan wees van partydigheid of voortrekkery teenoor 'n organisasie of persoon nie. Al sodanige geskenke wat ontvang is, moet in die geskenkregister aangeteken word.
- 6.11 Vaste uitnodigings na losies of seisoenkaartjies vir sportgeleenthede mag nie aanvaar word nie.
- 6.12 Enige uitnodigings na middagete, aandete, sportgeleenthede of eenmalige sosiale of kulturele geleenthede mag aanvaar word, behalwe as bywoning daarvan met die dienslewering van die WKOD sal inmeng of as dit misverstaan kan word of die belange van die WKOD kan benadeel. Sodanige uitnodigings moet in die geskenkregister aangeteken word.
- 6.13 Enige geskenk, beloning of uitnodiging (geldelik of andersins) bo en behalwe wat hierbo genoem is, moet in die geskenkregister aangeteken word.
- 6.14 Interregeringsgeskenke moet in die geskenkregister verklaar word en moet vooraf goedkeuring van die afgevaardigde amptenaar ontvang.

## **7. Aantekening van geskenke in die register**

- 7.1 Die aanvaarding van enige geskenk(e) soos in hierdie beleid beoog, buiten die

bemarkings- en promosie-items wat in paragraaf 6.5.4 beskryf is, moet in die geskenkregister (hiermee aangeheg as **Bylae B**) aangeteken word.

- 7.2 'n Geskenkregister moet op direkteurs-, hoofdirekteurs-, en adjunk-direkteur-generaalsvlakke ingestel en in stand gehou word.
- 7.3 Die geskenkregister op direkteursvlak moet vir al sy/haar personeel, ingeslote hom-/haarself in stand gehou word om geskenk(e) wat ontvang is, te verklaar.
- 7.4 Elke direkteur moet goedkeuring aan enige geskenk(e) verleen voordat personeellede dit aanvaar.
- 7.5 Goedkeuring op gelyke range word nie aanvaar nie.
- 7.6 Elke direkteur moet **tweejaarliks** met alle personeel in aanraking kom en die verklaring van alle geskenk(e) wat ontvang is, versoek.
- 7.7 Registers en geskenkverklaringsvorme moet toeganklik vir ondersoek-, verslagdoenings- en ouditeringsdoeleindes wees.
- 7.8 Die geskenkregister moet die volgende inligting bevat:
  - a) Die nommer van die geskenkverklaringsvorm wat die ontvanger ingevul het, soos verwys in subparagraaf 8.5.
  - b) Ontvangsdatum van die geskenk.
  - c) Naam, van, identiteitsnommer en PERSAL-nommer van die ontvanger.
  - d) Die skenker/donateur en die werknemer/WKOD se verhouding.
  - e) Aard en beskrywing van die geskenk of uitnodiging.
  - f) Beraamde waarde.
  - g) Naam, adres en telefoonnommer van die donateur (of kontakpersoon in die geval van 'n maatskappy).
  - h) Rede/logiese uiteensetting vir die goedkeuring van die geskenk (waar van toepassing – wat R350,00 oorskry).
- 7.9 Die verklaringsvorme word hiermee as **Bylaes C1 en C2** aangeheg.

## **8. Prosedure vir die invul van geskenkverklaringsvorme**

- 8.1 Aanvanklik word 'n amptenaar beskou as iemand wat 'n geskenk "aangebied is".
- 8.2 Die besluit om die geskenk te aanvaar, moet deur die amptenaar beoordeel word ten opsigte van die kriteria in paragraaf 6 van hierdie beleid.
- 8.3 Die amptenaar aanvaar of wys die geskenk af.
- 8.4 Indien dit aanvaar word, moet die amptenaar 'n geskenkverklaringsvorm (óf **Bylae C1**



**óf C2)** van sy/haar toesighouer versoek.

- 8.5 Alle geskenkverklaringsvorme moet deur die direktoraat, hoofdirektoraat en tak opeenvolgend genommer word. Die boekjaar waarin die geskenk ontvang is, moet ingesluit wees. Die nummering van verklarings moet deur die direktoraat gestandaardiseer wees, d.w.s., "Boekjaar, bv. 20/21(1)" vir Bylae C1, "Boekjaar, bv. 20/21(2)" vir Bylae C2.
- 8.6 Die opeenvolgende genummereerde verklaringsvorm word aan die amptenaar aan wie die geskenk gebied is, uitgereik. Die amptenaar moet die vorm invul en na die toesighouer terugstuur.
- 8.7 Die direktoraat, hoofdirektoraat en tak moet 'n rekord van alle verklaringsvorme wat uitgereik is, in stand hou (hiermee aangeheg as **Bylae D**). Hierdie rekord sal die direktoraat, hoofdirektoraat en tak in staat stel om uitgereikte vorme wat nie voltooi en teruggestuur is nie, na te volg.
- 8.8 Die inligting op 'n voltooide **Bylae C1**-verklaringsvorm vir geskenke wat nie R350,00 oorskry nie, moet in die geskenkregister aangeteken word.
- 8.9 Die inligting op 'n voltooide **Bylae C2**-verklaringsvorm vir geskenke wat R350,00 oorskry, moet in die geskenkregister aangeteken word en daarna by die toesighouer ingedien word vir goedkeuring soos in subparagraaf 7.8(h) beskryf. Die goedkeuring of afkeuring van die aanvaarding van die geskenk moet ook in die geskenkregister aangeteken word.
- 8.10 Indien die aanvaarding van die geskenk nie goedgekeur word nie, moet die aangeleentheid na die Hoof van die Departement verwys word om te besluit of die geskenk deur die amptenaar of deur die WKOD gehou mag word.
- 8.11 Deur **Bylae D** te gebruik, moet die persoon wat verantwoordelik vir die instandhouding van die geskenkregister is, versoek dat maandelike geskenke op 'n maandelikse grondslag verklaar moet word en moet opvolg oor geskenkverklaringsvorme wat gedurende die maand uitgereik is.

## **9. Beskikkingsproses van goedere wat ontvang is**

- 9.1 Die betrokke uitvoerende gesag, met behulp van die etiekamptenaar of -eenheid moet elke geskenk en die omstandighede daarvoor ondersoek en verder assesser of die terugstuur van 'n geskenk 'n ongunstige uitwerking tot gevolg mag hê. Dit sal die eerste opsie wees, aangesien daar geag sal word dat die geskenk aanvaar is as dit nie teruggestuur word nie.
- 9.2 Geskenke mag om die volgende redes beskik word:
  - a) Dit hou maandelik botsende belange in.

- b) Gee aanstoot, bv. ornamente wat uit renosterhoring gemaak is of klere-items uit pelse van diere, ens.

9.3 As die teruggee van 'n geskenk nie moontlik is nie, mag die etiekamptenaar gevra word om van die geskenk ontslae te raak. As die aard van die geskenk nie aanstoot gee nie, mag dit die volgende insluit:

- a) Geskenke kan aan 'n skool, liefdadigheidsorganisasie, ouetehuis, ens. geskenk word.
- b) Geskenke kan een keer per jaar aan werknemers of die publiek opgeveil word. Alle opbrengste moet aan 'n skool, liefdadigheidsorganisasie, ouetehuis, ens. geskenk word.

## 10. Tweejaarlikse voorleggings

10.1 Tweejaarlikse (**sesmaandelikse**) verklarings moet vir die tydperke wat op **30 September en 31 Maart** onderskeidelik eindig, gemaak word deur direkteure, hoofdirekteure, adjunk-direkteurs-generaal en die Kantoor van die Hoof van die Departement. Verklarings moet **teen twee weke** ná hierdie datums ingedien word.

10.2 Alle direkteure, hoofdirekteure, adjunk-direkteurs-generaal en die Kantoor van die Hoof van die Departement moet elkeen 'n afskrif van die voltooide geskenkverklaringsvorm aanstuur, ongeag of die geskenke aan die Direkoraat: Interne Beheer verklaar is al dan nie.

10.3 Die Direkoraat: Interne Beheer sal met alle takke skakel en die voorlegging van geskenkregisters namens die Hoof van die Departement versoek. Die voltooide geskenkregister van die WKOD sal aan die Hoof van die Departement voorgelê word vir aftekening/goedkeuring.

## 11. Bekendmaking van finansiële belange deur aangewese amptenare

Hoofstuk 2 van die *Staatsdiensregulasies*, 2016, en Paragraaf 4 van Hoofstuk 9 van die *Staatsdiens se Handboek vir Senior Bestuursdiens*, 2003, verklaar dat aangewese amptenare besonderhede van al hulle finansiële belange vir die tydperk 01 April van die vorige jaar tot 31 Maart van daardie jaar aan die betrokke uitvoerende gesag teen **30 April** van elke jaar op 'n vorm wat vir hierdie doeleindes deur die **Staatsdienskommissie** verskaf word, moet bekendmaak, ingeslote geskenke wat ontvang is van 'n bron wat nie 'n familielid is nie. Die oorspronklike voltooide vorm moet by die Staatsdienskommissie **teen 31 Mei** van daardie jaar ingedien word. 'n Afskrif van elke voltooide bekendmakingsvorm moet vir ondersoek- en ouditeringsdoeleindes gebêre word.

## 12. Afgevaardigde gesag

Die gesag wat die aanvaarding van geskenke moet goedkeur, is tot op direkteursvlak

afgevaardig. Die verklaring van geskenke wat deur lede van senior bestuursdienste aanvaar is (buiten die Hoof van die Departement) moet by die Hoof van die Departement ingedien word. Die Hoof van die Departement moet geskenke aan die provinsiale minister van onderwys verklaar.

### **13. Versuim om gehoor te gee**

Nakoming van hierdie beleid sal afhang van die samewerking van alle personeellede. Alle werknemers is verantwoordelik vir die nakoming en toepassing van hierdie beleid. Enige amptenaar wat sonder geldige rede en na geskrewe kennisgewing versuim om aan hierdie beleid te voldoen, kan van wangedrag aangekla word en dissiplinêre stappe kan teen hom/haar aanhangig gemaak word, soos in die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) bepaal.

### **14. Inwerkingstellingsdatum**

Hierdie beleid tree in werking vanaf die datum waarop die Hoof van die Departement dit geteken het.

### **15. Oorsig**

Hierdie beleid moet jaarliks hersien word, of in die geval van veranderde omstandighede soos verklarings deur wetgewing en/of regulasies.